3. SKRIFGELOOF EN REGSWETENSKAP

A.W.G. Raath
Departement Staatsreg en Regsfilosofie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein. 9301.

## ABSTRACT

**This article deals with the fundamental value of the Bible for the scientific study of the law according to the Philosophy of the idea of Creation. A study of the law in the light of the motive of creation, the fall of man and the redemption of man through Christ Jesus, provides the correct context and perspective for revealing legal principles. The author furthermore explains that humanistic approaches to the law do necessarily come to different conclusions than does the Calvinistic philosophy of law.**

## 1. INLEIDING

Van J.A. Heyns (1979:230) het ons die gevleuelde woorde: "Ek wil begin deur te sê dat die Calvinisme ... van één belangrike grondbeginsel uitgaan, en dit is naamlik dat Gods Woord die bron is, nie net van 'n bepaalde denkstyl nie, maar ook van 'n bepaalde lewenspatroon. Gods Woord is nie net die gesagvolle bron, maatstaf en rigsnoer vir die teologiese denke of vir die lewe op 'n Sondag nie, maar Gods Woord is ook die bron vir alle moontlike aktiwiteite van die mens. En natuurlik moet hierdie Woord van God nie op 'n biblisistiese of 'n fundamentalistiese wyse gehanteer word en enkele tekste daaruit gehaal word nie, maar binne 'n bepaalde konteks moet die Skrif verstaan word."

In die lig hiervan blyk eerstens dat vir die Calvinis die Woord van God die konteks bied van waaruit hy die werklikheid kan betrag.

Die Calvinisme, en in besonder die Wysbegeerte van die Skeppingsidee, gaan daarvan uit dat Gods Woord fundamentele en universele betekenis vir die mens se wetenskapsbeoefening inhou. Dit is tewens 'n kenmerk van die wetenskapsbeoefening in die lig van die skeppingsidee dat daar



Koers 51(4)
ISSN 0023-270X

altyd weer gevra word na Gods Woord. Vanuit hierdie basiese uitgangspunt vra ons vervolgens: Wat sê Gods Woord? Aan die hand hiervan maak die skeppingsidee 'n onderskeid tussen God en die wêreld waarin ons ons bevind; tussen God en skepping; tussen God en die kosmos. Alvorens ons kan begin teologiseer, filosofeer en wetenskap bedryf, moet God en wêreld uitmekaar gehou word. Indien ons dit nie sou doen nie "het ons op die een of ander wyse 'n soort verkapte panteïsme of 'n pan-en-teïsme" (Heyns, 1979:231). Andersyds kan ons in hierdie werklikheid niks losmaak van God nie, anders verval 'n mens in materialisme.

Vanuit hierdie kontekstuele vertrekpunt moet die Calvinis tweedens vra na die perspektiewe wat vir hom in die werklikheid oopgaan - ook die perspektiewe op die reg in sy samehang met die hele kosmos.

Aan die hand van die onderskeid tussen God en skepping kom die onderskeid tussen eenheid en verskeidenheid in die oog (Stoker, 1933:12 ev). Vanuit die eenheid en verskeidenheid van die skepping kan ons die werklikheid vanuit die vier kosmiese dimensies benader. Hierdie dimensies is dié van modaliteite, individuele en sosiale strukture, gebeurtenisse en waardes (Stoker, 1933:36 ev; 1964:1 ev). 'n Benadering van die kosmiese dimensie van modaliteite lê 'n verskeidenheid modaliteite (of wetskringe) aan ons bloot. Elkeen van hierdie wetskringe of modaliteite het 'n eie-aard, vanaf die mees eenvoudigste tot die ingewikkeldste wetskring. As sodanig kan ons onderskei tussen die aritmetiese, die ruimtelike, die fisiese, die biotiese, die psigiese, die logiese, die linguale, die ekonomiese, die estetiese, die juridiese, die sedelike en godsdiens modaliteite (Stoker, 1969:165). Hierin gaan dit meer bepaald om die juridiese as 'n modaliteit of wetskring in samehang met die Skrifgeloof.

In die lig van hierdie kontekstuele en perspektivistiese benaderings moet ons vervolgens eerstens die verband van die Skrif met die regswetenskap ondersoek. Tweedens moet ons vasstel welke grondbeginsels ons vanuit die Skriftuurlike konteks kan identifiseer. Derdens moet ons vra na die voordeel wat só 'n Skriftuurlike benadering tot die regswetenskap ons bied.

## 2. SKRIFGELOOF EN WETENSKAPSBEOEFENING

Ons kan drieërlei verhoudings van mens en wêreld tot God onderken. Eerstens, onderskei ons die **teale verhouding** waarin die hele kosmos tot God staan. Tweedens onderskei ons **godsdiens (in enger sin)**. Hierdeur wend die mens hom direk tot God deur byvoorbeeld tot Hom te bid, Hom met psalm, gesang en lied lof toe te bring, hom in Gods Woord verdiep, na die verkondiging van Sy Woord te luister en aan die Sakramente deel te neem. Derdens dien die mens ook God (of 'n afgod) op 'n meer omvattende wyse. Ons noem dit **religie (dit wil sê godsdiens in ruimer sin)**. Wanneer die mens byvoorbeeld wetenskap, taal en kuns vorm, ekonomies, juridies en sedelik handel, huwelik, gesinne, state en maatskaplike instellings vorm, dan is dit geen godsdiens (in enge sin) nie. Tog kan die mens ook met al sy kultuurvorming God dien en dit tot Sy eer en verheerliking verrig (Stoker, 1969:117).

Van die religieuse geloofskennis verklaar Herman Dooyeweerd dat dit die mees diepgaande en diepsinnige kennis van 'n lewens- en wêreldbeskouing is. Geloof is 'n "gegrepenheid" in die hart van die mens deur 'n ware openbaring van God. Hierdie geloof wat die mens met sy hart (sy selfheid, sy hele siel) aanvaar is 'n "onpeilbare en besielende krag waarmee die mens God ken en dien (of hom aan 'n afgod verslaaf), waarmee hy die diepste sin van alles (ook van sy eie bestaan) verstaan, wat al sy kenne en doen rig en lei, en waarvoor die mens alles, uiteindelik ook sy lewe veil het" (Stoker, 1969:118. Vgl. ook Stoker, 1960:495 ev; 1961:261 ev). Vir die Christen met sy lewens- en wêreldbeskouing is die waarheid van Gods Woord nie in geskil nie, en ook nie die oortuiging dat alle waarheid (van Gods Woord en van Sy skepping) saamhang nie. Die wetenskap kom uit die lewens- en wêreldbeskouing op en word daardeur medebepaal. Vir die Calvinis is dit 'n saak van die gewete en van beginsel dat die waarheid van die Heilige Skrif ook in die wetenskap erkenning verdien. Die Calvinisme gaan sover om te sê dat indien iemand wat in die waarheid van die Heilige Skrif glo, dit in sy wetenskaplike arbeid ignoreer, dan sou hy onwetenskaplik handel deur relevante gegewens vir die wetenskap opsy te skuif, net soos **mutatis mutandis** 'n regter ontrou en onregverdig sou handel as hy in 'n hofgeding relevante getuienis van die hand sou wys (Stoker, 1969:139).

Volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee (Stoker, 1945:1 ev) onderskei ons die volgende vyf beginsels wat (onder andere) van fundamentele belang vir 'n Calvinistiese wetenskapsbeoefening is. Hierdie vyf beginsels is met die verband tussen Skrifgeloof en wetenskapsbeoefening gegee: (a) die Christelike godsdiens het universele betekenis en waarde; (b) die Heilige Skrif het grondliggende betekenis vir die beoefening van die wetenskap; (c) die wetenskaplike gebruik van Skrifwaarhede vereis 'n wisselwerking tussen teologie en al die ander wetenskappe (naamlik die wysbegeerte en al die vakwetenskappe); (d) die Christelike denke ontwikkel in 'n Christelike wetenskap 'n eie karakter; (e) die Christelike wetenskapsopvatting hoef nie met die tye te verander nie en oorwin in prinsipe wetenskaplike seksionalisme.

Van die belangrikste waarhede wat die Wysbegeerte van die Skeppingsidee blootgelê het en wat nie deur ons ondersoek van die kosmos (stof, plant, dier en mens) gevind of geverifieer kan word nie, is onder andere:

(a) "Uit, deur en tot God is alle dinge". God alleen is algenoegsaam. Niks van ons onselfgenoegsame kosmos mag algenoegsaam gestel en verabsoluteer word nie. As sodanig behoort ons alle isme-filosofieë wat dit wel doen, te bestry (Stoker, 1969:139).

(b) "God (die absolute Soewerein oor alles wat Hy geskape het) het vir die hele skepping Sy wetsorde gestel". Hiermee is in stryd alle beskouings wat die wet verwerp (anomisme) of dit geheel en al in die mens veranker (subjektivisme) of dit tot 'n ewig selfgenoegsame bepaling van die natuur maak (naturalisme, nominisme) (Stoker, 1969:139).

(c) "God het (in Sy menigvuldige wysheid) 'n radikale verskeidenheid in Sy skepping (in casu, kosmos) gelê." Ons behoort hierdie radikale verskeidenheid op te spoor en te eerbiedig, en nie hierdie verskeidenheid te loën en teoreties te nivelleer nie (Stoker, 1969:139).

(d) "Die mens is na die beeld van God geskape". Ons mag hiervolgens in die wetenskap die mens nie vergoddellik en hom ook

nie tot 'n dier denatureer nie, en behoort 'n oop oog te hê vir die wesensverskil van mens en dier (Stoker, 1969:140).

(e) "God het sy skepping (in casu kosmos) goed geskape; die mens het in sonde verval en die wêreld van God afgeval; met die kruisdood van Christus is in prinsipe die verlossing van die mens en die herskepping van die wêreld gewaarborg."

Volgens hierdie beginsel is beskouings onhoudbaar wat die kwaad tot 'n ewige prinsipe maak; beskouings wat sonde en kwaad bloot as iets negatiefs opvat sonder om te sien dat dit 'n eie positiewe krag het; of wat dit tot skyn vervlugtig; en beskouings wat die mens as eiemagtige selfverlosser sien (Stoker, 1969:140). Hiermee saam mag ons egter nie die Skrif op onwetenskaplike wyse gebruik nie:

(i) Gods Woord mag nie as 'n ensiklopedie of naslaanwerk vir onopgeloste probleme misbruik word nie;

(ii) Gods Woord mag nie as 'n wetenskaplike handboek opgevat word nie. Die Skrif is in voorwetenskaplike taal vir alle mense geskryf;

(iii) Gods Openbaring in die Skrif is aan die bevattingsvermoë van die mens "aangepas". Die mens moet voortdurend onthou dat die mens nie soos God kan ken nie, en dit ook in sy Skrifgebruik besef (Stoker, 1969:142).

## 3. SKRIF EN REGSWETENSKAP

Die fundamentele greep wat die Wysbegeerte van die Wetsidee gemaak het, behels dat vanuit die hart as die wortel (of radiks) van die mens se lewensuitinge, die mens se lewe volledig beheers word - hetsy gerig in diens van God of van die afval (Strauss, 1969:16). Die aanvanklike Godgerigte gehoorsaamheid van die mens na die skepping, is deur die sondeval, vanweë sy hart-ongehoorsaamheid, radikaal en integraal van God afgewend. Slegs wanneer Christus die sondaarshart van die mens wederbaar, word die mens in beginsel van die afvallige sondeslawerny bevry en tot diens van God met die hele hart verlos (Strauss, 1969:16).

Aangesien die hart van die mens nooit religieus "leeg" kan wees nie, sal dit altyd een of ander religieuse gerigtheid besit. Hierdie religieuse gerigtheid word die religieuse grondmotief genoem en dra as sodanig altyd 'n radikale en integrale karakter, omdat dit op die hart as die worteleenheid van die menslike persoon beslag lê.

Ten spyte daarvan dat die Wysbegeerte van die Skeppingsidee 'n ander beskouing op die Archimedespunt nahou, stem sowel die Wysbegeerte van die Wetsidee as die Wysbegeerte van die Skeppingsidee daarin saam dat die wetenskaplike 'n ekstern-kosmiese vertrekpunt vir sy wetenskapsbeoefening moet hê.

Hierdie religieuse geloof van die mens tot God stel Dooyeweerd (Inleiding, 1969:18-19) soos volg: "Van welke geaardheid is zulk een concentrische richting van ons denken? Het antwoord moet luiden: alleen door alle aspecten op hun absolute oorsprong te betrekken kunnen wij ook het Archimedisch punt voor het wijsgerig denken ontdekken, van waaruit de theoretische synthesis eerst mogelijk is. En niet een abstract kennistheoretisch subject, maar alleen onze volle ik-heid, als individueel ongedeeld concentratiepunt van heel ons tijdelijk bestaan, vermag aan het denken deze concentrische rigting geven. Nu is de concentrische betrekking van alle tijdelijke verscheidenheid en de absolute oorsprong aller dingen, een daad van onmiskenbaar religieuze aard. In de religie staat onze ik-heid als individueel centrum in onmiddelijke verhouding tot God, as absolute oorsprong aller dingen ... Het is de Goddelijke Woordopenbaring, die tegelijk, met de Zelf-openbaring Gods aan de mens, de mens aan zich zelve ontdekt."

Ook met die ondersoek na die aard en die rol van die reg kom 'n Christen voor 'n gewetensvraag van wetenskaplike aard te staan, naamlik of hy rekening moet hou met die fundamentele waarhede wat Gods Woordopenbaring op die regsgeleerde se veld van ondersoek werp of nie.

Vir die Christelike regswetenskaplike gaan alle wetenskapsbeoefening van voorwetenskaplike veronderstellings uit wat die probleme en resultate van die regsgeleerde se ondersoek in hooflyne medebepaal (Stoker, 1970:8). Van besondere belang vir die regswetenskaplike is die onderskeid tussen konteks en perspektief. Indien ons die menslike reg vanuit God (dit

wil sê vanuit die in Sy Woord gegewe openbaring van God aangaande homself en Sy verhouding tot alle dinge) besien, dan besien ons dit in 'n teale konteks.

As ons vanuit die reg die fundamentele waarhede van Gods Woord benader, besien ons dit in 'n religieuse perspektief (met sy horison). Dat ons hier met 'n verskil in blikrigting te make het, het H.G. Stoker my leer insien. Die onderskeid tussen konteks en perspektief tref ons ook by binne-kosmiese probleme aan. Van besondere belang vir die regswetenskap is dat konteks altyd aan perspektief moet voorafgaan. Ons beswaar teen antroposentriese beskouings van die reg is die feit dat hulle met die perspektiwistiese ondersoek begin. Op hierdie wyse kan die konteks-probleme in die regswetenskap nie tot hulle reg kom nie.

Voorts is in kenfilosofiese sin konteks ingressief terwyl met perspektief die ondersoeker transendeer. Volgens Stoker (1970:79 vn 4) gaan ingressie (van die kenbare tot die mens) aan die transendering vooraf. Juis hierdie waarheid sien die rasionalistiese strominge in die wetenskap nie in nie omdat dit vanuit die mens die kosmos benader.

Van besondere belang vir die beoefening van die regswetenskap in die lig van Gods Woord is die feit dat elke wetenskaplike ondersoek belig word deur die fundamentele waarhede van Gods Woord. 'n Christelike teoloog, wysgeer en regswetenskaplike ondersoek sy veld in hierdie lig. Die lig van Gods Woord vorm die grondslag van sy wetenskapsbeoefening. Daarom het ons hier nie met 'n Christelike beoefening van wetenskap te make nie, maar met 'n beoefening van Christelike wetenskap.

Benader ons die reg in die lig van Gods Woord dan kom die volgende grondbeginsels in sig:

(a) God is die Algenoegsame Absolute grond van die reg. Volgens die Skrif bestaan daar 'n absolute reg van God en menslike reg. Die mens het geen reg teenoor God nie en die menslike reg - soos die hele geskape werklikheid - vind sy oorsprong in God uit, deur en tot wie alle dinge is.

(b) Die kosmiese wesensgrond van die reg vind ons in ampsbehartiging (Raath, 1983:234 ev). Die aard van die reg (as ampsbediening en as ampskending) is ampsbehartiging. Ampsbehartiging (dit wil sê ampsbediening sowel as ampskending) is uniek, nie tot iets anders herleibaar nie. Belangrik is dit om daarop te let dat ampsbediening met die "goeie", "ware", "egte" menslike reg te doen het. Tot die sfeer van menslike reg behoort egter ook onreg; en onreg is net so uniek en onherleibaar as die "goeie" reg. In hierdie sin kan ons van "onreg" as ampskending praat.

(c) Die kosmiese afhanklikheidsgrond van die reg. Die reg is 'n modaliteit en as sodanig is dit modaal volgens rangorde en volgens heenwysings op velerlei wyse met die aritmetiese ruimtelike, fisiese, biotiese, psigiese, logiese, linguale, ekonomiese, estetiese, sedelike en godsdienstige verbind. Die band van die reg met die nie-juridiese modaliteite is prinsipieël so heg dat die reg nie net van die ander modaliteite nie isoleerbaar is nie, maar daarsonder selfs nie kan wees nie.

(d) Die kosmies universele grond van die reg. Die kosmos is ook betrokke op (met ander woorde afhanklik van) die reg. Op grond hiervan het die reg 'n besondere plek en rol in die kosmos.

Laat ons ons oog oor die regswerklikheid gaan, dan kom in die lig van die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus in sig die reg volgens die orde van skepping en die reg volgens die orde van sondeval en verlossing. Volgens die orde van die skepping weet ons voorwetenskaplik dat daar 'n "goeie" menslike reg moet wees. Hierdie "dieper" reg noem ons in die lig van die skeppingsidee die "ontiese" reg. Ons noem dit ontiese reg omdat dit met die syn of bestaan van die mens gegee is.

Onder die orde van skepping verstaan ons nie net die orde voor die sondeval nie, maar ook die orde in ons bedeling vir sover - die sonde ten spyt - die skepping skepping, die sedelike die sedelike, die reg reg, ensovoorts gebly het. Dit is met ander woorde die skepping soos dit bestaan met 'n selektief relevante afsien van sonde en kwaad en hul uitwerking (Stoker, 1970:11). Die ondersoek hiervan is by benadering

moontlik omdat die skepping (nieteenstaande sy deformasie deur sonde en kwaad) skepping gebly het en omdat Gods Woordopenbaring ons hierin rigtende leiding gee. By benadering want ook die gelowige ondersoeker is in hierdie bedeling nog sondaar met 'n verduisterde rede; en daarom heers daar juis ook onder Christene verskil en stryd. Dit ontneem egter nie die Christen die verpligting om met sy wetenskapsbeoefening - ook insake die menslike reg - na die orde van die skepping te vra nie.

Enkele van die belangrikste perspektiewe wat deur die skeppingsidee blootgelê word is onder andere:

(a) Volgens die orde van die skepping is die mens met 'n unieke status beklee. Wat die plek en posisie van die mens in die kosmos uniek maak, is dat hy 'n stand en status (met besondere funksies en doel) het, wat stof, plant en dier nie het nie. Menslike reg moet ons juis vind by die mens se status. Die mens se status behoort tot die menswees, die persoon-wees van die mens. Dit bied egter ook meteen die geleentheid om die mens as juridiese wese te onderskei van die mens as byvoorbeeld denkende, linguale, kuns-, ekonomie-vormende "wese" - sonder om die mens as onverbreeklike eenheid uit die oog te verloor.

(b) Volgens Gods Woordopenbaring is die mens as beeld van God geskape. Die mens is aangestel as kreatuurlike plaasvervanger van God om in Sy naam in die kosmos te regeer. As sodanig beklee die mens 'n amp om Gods raadsplan met die kosmos te help verwesenlik. Ook by die mens se aanstelling in sy amp moet ons sy menslike reg (dit wil sê sy menseregte, regsnorme en regsorde) vind.

(c) Daardie regsteorieë wat op een of ander wyse menslike reg sosiologisties vanuit die empiriese strukture, verhoudings en prosesse van die samelewing wil verklaar wys ons af. Die empiriese, positivistiese en historiese veronderstellings van dergelike teorieë wys ons af onder andere op grond van die Goddellike oorsprong en kreatuurlikheid van menslike reg. Die reg is bowendien geen samelewingsproduk nie omdat dit oorspronklik tot die mens-wees (en daarmee tot die samelewing) behoort. Sosiologistiese teorieë van die reg nivelleer reg as reg en herlei reg tot iets anders as reg.

(d) Deur reg in teale konteks te plaas blyk dat die verhouding tot God en sy reg vir die menslike reg fundamenteel is. Sonder die regte verhouding tot God kan die mens nie in die regte verhouding tot die mens staan nie. Die skikking met die menslike reg gegee, is 'n beskikking van God. Die deelhê van die mens aan die reg wortel in die toebedeling van reg (menseregte, regsnorme, die regsorde) deur God aan die mens. In die laaste instansie het nie die mens nie maar God reg op die reg van die mens. Wie menslike reg aantas, tas ten diepste die reg van God aan. Onreg doen is 'n aantasting van God se absolute en soewereine regsbeskikking en regstoebedeling en 'n verbreking van die vereiste orde van die reg. Dit is so fundamenteel dat God nieteenstaande Sy barmhartigheid - vir die onreg deur die mens in sy opstand teenoor God gepleeg - die genoegdoening van Sy seun met Sy soenoffer geëis het (Stoker, 1970:27).

(e) Orde bind en verbind. Die orde wat die reg bepaal, word gevorm deur toerekenbare en verantwoordelike mense (as enkelinge en in samelewingskringverband) wat die status van die mens ken, aanvaar, eerbiedig, uitbou - nog altyd gesien as ontiese reg volgens die orde van die skepping. Hierdie met die menslike reg gegewe verbinding, regsbondvorming, vorming van die bondsorde is niks anders as die stigting van 'n regsverbond nie. Die verantwoordelike aanvaarding, eerbiediging en uitbouing van die regsorde beteken in beginsel 'n verbondsvorming tussen enkelinge, tussen enkelinge in 'n samelewingskring en tussen samelewingskringe onderling. So stig die man en die vrou met hul huweliksluiting 'n trou-verbond en werkgewer en werknemer 'n werksverbond, ensovoorts.

(f) Met die vorming van positiewe reg is die menslike gesaghebber aan die ontiese reg gebind waaraan die positiewe reg toetsbaar is. Volgens Gods Woordopenbaring verkry die ontiese reg sy gelding van die absolute soewereiniteit van God. Die gelding van die ontiese menslike reg vind sy oorsprong in God en Sy raad. In die laaste instansie is die gelding van die ontiese reg uitdrukking van Gods soewereine skeppings- en bestieringswil.

(g) Calviniste is dikwels huiwerig om menseregte te aanvaar uit reaksie teen die humanistiese beskouings van sogenaamde "natuurlike regte".

Sonder huiwering kan ons menseregte erken na aanleiding van die ontiese regte wat die mens volgens die orde van skepping van God ontvang. In die sin is menseregte met die mens-wees van die mens gegee. 'n Ontiese mensereg is 'n toebedeling, 'n vergunning wat die mens met sy mens-wees ontvang, wat hom met ander woorde deur God geskenk is.

(h) Volgens Gods Woord is die kosmiese heelal (stof, plant, dier en mens) nie net deur God geskape nie maar meteen onder 'n Goddellike wetsorde gestel. Ten opsigte van die kosmiese wetsorde kan ons tussen (onoortreebare) natuurwette en oortreebare norme (kultuurnorme en godsdiens-gebooie) onderskei. Norme geld alleen vir die mens en onderstel aan die een kant 'n moontlikheid van keuse en aan die ander kant 'n gesagsmoment - 'n gesagsmoment wat sy oorsprong in die absolute gesag van God vind.

(i) Op die vraag hoe ons tot kennis van norme kom, kom drie metodes in aanmerking. Eerstens word regsnorme in die Woord van God gevind. Tweedens kom die mens tot die kennis van regsnorme deur sy intuïsie. Derdens kan die mens regsnorme ontdek deur bestudering en vergelyking van menseregte (respektiewelik/onderskeidelik van menslike statusse met hul funksies).

(j) Met sy natuurbeheersing, kultuurskepping, sorg vir die mens en diens van God verwesenlik die mens sy roeping. Taak en roepingsvervulling is antwoording (antwoord-gee) op wat van die mens met sy moontlikhede gevra (geverg) word. Uiteindelik is dit antwoord aan God wat die mens roep, aan die mens sy taak stel. Die mens is dus oorspronklik antwoorder. Met sy moontlikhede is ook die eis gegee wat met die normatiewe orde (met die norme) tot die mens kom en wat stel hoe die mens sy taak moet behartig, sy roeping moet vervul, dit wil sê moet antwoord. Die mens is hiermee saam oorspronklik bestem om te gehoorsaam. Hiermee word alle humanistiese outonomie en outarkie by die wortel afgesny. So is die mens met sy positivering van die menslike reg (menseregte, regsnorme en die regsorde) antwoorder, dit wil sê antwoord hy op die roep die taak aan hom met die ontiese menslike reg (menseregte, regsnorme, die regsorde) gestel.

(k) Wat die mens met die gelding van ontiese menslike reg (menseregte, regsnorme, regsorde) geskenk is, moet hy met die positivering daarvan laat geld om dit toerekenbaar en verantwoordelik sy eie te maak. Waar die ontiese menslike reg met sy gelding sy oorsprong in God vind, vind die positiewe reg met sy ver-gelding sy kreatuurlike, onselfgenoegsame oorsprong in die mens as regsvormer, regsbepaler, regshandhawer. Ook met sy regsvorming (as regspositiveerder) is die mens toerekenbaar en aan God verantwoordelik.

(l) Die ontiese menslike reg (menseregte, regsnorme, regsorde) gaan aan die positiewe reg vooraf. Die ontiese reg is met die mens-wees van die mens geskenk en na aanleiding daarvan word die positiewe reg deur die mens gevorm. Die verhouding tussen ontiese - en positiewe reg is dat die ontiese reg die positiewe regsvormer tot taak - as vraag, as eis - gestel is en die positiewe reg, daarop 'n menslike antwoord is.

(m) Die onderskeid tussen goed en kwaad (waaronder sonde) is universeel. Hiervan is die onderskeid tussen reg en onreg 'n besondere geval. 'n Mens se opvatting van goed en kwaad word in fundamentele opsig deur sy lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings mede-bepaal. Ons stel in die lig van Gods Woord (die teale konteks en religieuse perspektief) voorwetenskaplik. Menslike onreg beteken in teale konteks 'n breuk met God, maar op grondslag van hierdie breuk, 'n breuk tussen mens en mens; maar ook 'n breuk van die mens met die hele kosmos. Want aan die sorg van die mens is die hele kosmos toevertrou. As sodanig skep onreg basies wanorde en bedreig die bestaansmoontlikheid van die hele samelewing. Die hele samelewing moet hierteen beveilig word.

(n) Christelike strafteorieë sien die laaste grond van straf in die eis van God. Onreg is die skending van die reg van God. Die eer van God eis regsherstel deur straf. God Self handhaaf Sy reg deur van Christus genoegdoening te eis vir die sonde van die mens. Hierdie teale konteks ook van menslike straftoediening mag ons nooit uit die oog verloor nie.

(o) Ons aanvaar dat God aan die mens sy amp met sy menswees gegee het: "Amp is 'n betrekking waarin iemand (in casu: die mens as mens - as enkeling en in samelewingskringverband) deur 'n gesaghebber (in casu: God) benoem word om 'n betrokke diens (in casu:

natuurbeheersing, kultuurskepping sorg vir die mens, diens van God - samevattend: roepingsvervulling) volgens die betrokke ampseise (in casu: die betrokke norme) te behartig, verantwoordelik aan Hom (in casu: God) wat aan hom (die mens as mens) as ampsdraer deur die gesaghebber (in casu: God) toevertrou word" (Stoker, 1970:65).

(p) In omvattende sin kan die reg omskryf word as ampsbehartiging, die "goeie", "ware", "regte" reg as ampsbediening en onreg as ampskending. Hiermee word meteen die onderskeid en verband van die absolute reg van God en menslike reg skerp gestel. Want God is bo alle ampte verhewe; Hy ken aan die mens sy ampte en die daarmee verbonde ampsregte, ampsnorme en ampsorde toe. Die mens het as ampsdraer teenoor God geen reg nie, maar het op sy ampsbediening aanspraak - dit is sy reg. Alle menslike reg wys as ampsbediening terug na sy Oorsprong, maar laat die mens in sy ampsbediening meteen sien as verantwoordelike, roepingsvervullende dienskneg van die Allerhoogste. Menslike reg laat ons die mens sien as menslike antwoorder op die betrokke regsmoontlikhede wat met die mens-wees van die mens gegee is - wat deur God aan die mens geskenk is.

(q) Dit maak vir 'n mens se (teologiese, wysgerige en vakwetenskaplike) ondersoek van menslike reg 'n verskil of jy dit doen in die voorwetenskaplike lig van Gods Woord en of jy van ander voorwetenskaplike onderstellings uitgaan. Veral van sy voorwetenskaplike vertrekpunt is elke regswetenskaplike deskundige verplig om openbare rekenskap te gee en hom daaromtrent in sy gewete (dit wil sê voor God) te verantwoord.

Calvinistiese regsdenkers behoort kragte saam te snoer om die belang van die Christelike geloof vir die regswetenskap te ondersoek. Hierdeur kan ons as Calvinistiese regswetenskaplikes antwoord op die roepstem van God om ook in ons wetenskapsbeoefening blyke van ons Skrifgeloof te gee.

## 4. SAMEVATTING

In hierdie artikel is in die lig van die skeppingsidee gevra na die perspektiewe op die grondbeginsels van die regswetenskap.

(a) Volgens die skeppingsidee kan die regswetenskaplike slegs vanuit die konteks van Gods Woord die reg (menseregte, regsnorme en die regsorde) benader.

(b) Vanuit hierdie kontekstuele benadering gaan bepaalde fundamentele perspektiewe oor die reg vir ons oop.

(c) In die lig van die voorgaande benadering van die reg (menseregte, regsnorme en die regsorde) word onder andere vier fundamentele beginsels blootgelê, naamlik:

1. Die Absolute Grond van die reg - uit, deur en tot God is alle dinge, insluitend die reg en die regsleer;

2. Die kosmiese wesensgrond van die reg as ampsbehartiging;

3. Die kosmies-universele grond van die reg - die reg is verbonde met en kan nie losgemaak word van die res van die kosmos nie; en

4. Die kosmies-afhanklikheidsgrond van die reg - die héle kosmos is afhanklik van die reg en sy plek in die kosmos.

## BIBLIOGRAFIE

DOOYEWEERD, H. 1969. Inleiding encyclopaedie der rechtswetenschap. Amsterdam : Paris.

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom, PU vir CHO.

HEYNS, J.A. 1979. Enkele aspekte van die Calvinisme. *Koers*, 44:230.

RAATH, A.W.G. 1983. Ampsbehartiging, ampsbediening en ampsgebondenheid: enkele perspektiewe op H.G. Stoker se regsbeskouing. *Koers*, 48:234.

STOKER, H.G. 1933. Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Pretoria : de Dussy.

STOKER, H.G. 1945. Skrifgeloof en wetenskapsbeoefening. Stellenbosch : Roneodruk C. C. Colyn Teologiese Kweekskool.

STOKER, H.G. 1960. Geloof en die woordeboek van die verbondsverkeer. Koers 28:495.

STOKER, H.G. 1961. Brûe afbreek en invalspoorte toesluit? Koers, 29:261.

STOKER, H.G. 1964. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata 24:1.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg: De Jong.

STOKER, H.G. 1970. Die aard en die rol van die reg: 'n wysgerige besinning. Johannesburg. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A36.

STRAUSS, D.F.M. 1969. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein: Sacum.